Registration No: 2016/217906/08
VAT reg. No. 4510275128

c/o L&L Agricultural Services

Grain Building Office Park
477/478 Witherite Street
THE WILLOWS
Pretoria

P.O. Box 74626
LYNNWOOD RIDGE
Pretoria
0040

Tel: +27 (12) 807-3958
Fax: +27 (12) 349-8707
e-mail: leon@llagric.co.za

sa cultivar & technology agency.npc

31 Augustus 2018

HEFFINGS OP KORING, GARS EN HAWER OM TELERS TE VERGOED

Die statutêre heffing wat deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye op koring en gars met ingang van 1 Oktober 2016 ingestel was met die doel om telers van koring- en garscultivars te ondersteun, is geldig tot 30 September 2018. Die bedryf het aansoek gedoen vir voortsetting van hierdie heffing vir 'n verdere periode van twee jaar asook om 'n heffing op hawer in te sluit. Die Nasionale Landboubemarkingsraad het die versoek vir die voortsetting van die heffings by die Minister aanbeveel vir goedkeuring vir die tydperk vanaf 1 Oktober 2018 tot 30 September 2020. Besonderhede van die voorgestelde heffing en die heffingstariewe word hieronder uiteengesit.

1. Omstandighede waaronder die voorgestelde heffing betaalbaar sal wees

Die voorgestelde heffing sal van toepassing wees op koring, gars en hawer:

(a) wat deur of namens die produsent daarvan verkoop word;

(b) wat deur of ten behoewe van die produsent daarvan verwerk of omgeskakel word tot 'n koring-, gars-, of hawerproduk indien die verwerkte produkte bestem is om van die hand gesit te word;

(c) ten opsigte waarvan 'n silo-sertifikaat uitgereik is indien die heffing ten opsigte van sodanige graan nog nie in terme van paragraaf (a) of (b) hierbo betaal is nie; en

(d) wat uitgevoer word uit die Republiek van Suid Afrika, indien die heffing ten opsigte van sodanige graan nog nie ingevolge paragraaf (a), (b) of (c) betaal is nie.

Nota: Let asseblief daarop dat die voorgestelde heffing, onder alle omstandighede soos hierbo genoem, betaalbaar is en van toepassing is op sodanige handelinge met alle koring, gars en hawer, ongeag die graad daarvan of die doel waarvoor dit aangewend word. Die heffing sal van toepassing wees op koring, gars en hawer wat in die Republiek van Suid Afrika geproduseer is.

2. Persone deur wie die heffing betaalbaar sal wees

In terme van die voorgestelde regulasie sal die heffing deur die volgende persone betaalbaar wees:

(a) deur die koper van die koring, gars en hawer in die geval van paragraaf 1(a) hierbo;

(b) deur die verwerker of omskakelaar van die koring, gars en hawer in die geval van paragraaf 1(b) hierbo;

(c) deur die die uitreiker van die silo-sertifikaat in die geval van paragraaf 1(c) hierbo; en

(d) deur die uitvoerder van die koring, gars en hawer in die geval van paragraaf 1(d) hierbo.

Direkteure: **Mnr. A.P. Theron (Voorsitter); Dr E Briedenhann; Dr. L. Chetty; Mnr. G. Heyns; Me. M. Purnell; Dr. M. Visser; Me. L. Mellet (NLBR Waarnemer).**
Administrateurs: **L&L Agricultural Services.**

3. Bedrag van die heffing

Die bedrag van die voorgestelde heffing vir koring, gars en hawer sal **R 30.00 (BTW uitgesluit)** per metrieke ton wees vir die tydperk vanaf 1 Oktober 2018 tot 30 September 2020.

4. Verhaling van heffing

In terme van die voorgestelde regulasie kan die heffing deur die koper van die koring, gars en hawer, in die geval van paragraaf 1(a), afgetrek word van die koopprys wat aan die produsent betaal word.

Die heffing wat betaalbaar is deur die verwerker of omskakelaar van koring, gars en hawer, in die geval van paragraaf 1(b), kan van die produsent van sodanige graan verhaal word.

Die heffing wat betaalbaar is deur die uitreiker van 'n silo-sertifikaat, ten opsigte van koring, gars en hawer in die geval van paragraaf 1(c), kan verhaal word van die persoon aan wie sodanige silo-sertifikaat uitgereik word.

5. Betaling van heffing

In terme van die voorgestelde regulasie sal die heffing betaalbaar wees nie later nie as die laaste dag van die maand wat volg op die maand waarin die graan verkoop, verwerk of omgeskakel, uitgevoer of 'n silo-sertifikaat daarvoor uitgereik is.

Betaling van die heffing moet gedoen word aan:
SA Cultivar and Technology Agency NPC
Posbus 74626
Lynnwood Ridge
0040

Die bankbesonderhede vir betalings is:

Bank:	Eerste Nasionale Bank
Tak:	Menlyn Maine
Takkode:	250-655
Rekeninghouer:	SA Cultivar and Technology Agency NPC
Rekeningnommer:	6264 3558 185

6. Inligting wat verskaf moet word

Alle ge-affekteerde partye word versoek om asseblief die telers wie se variëteite van produsente aangekoop, of namens produsente verwerk of omgeskakel word, of ten opsigte waarvan 'n silo-sertifikaat uitgereik is, te identifiseer, onder andere, by wyse van verklarings van die produsente betrokke of deur die fisiese identifisering van variëteite. Die doel met sodanige identifisering van variëteite is om die betrokkenheid van die verskillende telers van koring-, gars-, en hawervariëteite in die mark te bepaal en sodoende die telers pro-rata volgens hulle onderskeie markaandeel te vergoed uit die heffingsfondse wat gevorder word. Dit sal as stimulering dien vir die bekendstelling van nuwe telingstegnologie in die land met die doel om produktiwiteit in die wintergraanbedryf te verbeter.

7. Implementering van voorgestelde regulasie

Die aanbevole voortsetting van die heffing is tans by die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye vir formele goedkeuring ten einde op 1 Oktober 2018 in werking te tree. Sou daar 'n vertraging ervaar word met die publikasie van die voorgestelde regulasie in die Staatskoerant voor die inwerkingtredingsdatum, sal SACTA voortgaan met die implementering van die voorgestelde heffing. Ge-affekteerde partye sal in kennis gestel word van die Minister se besluit en die regulasie se besonderhede sodra dit bekend is.

Navrae kan gerig word aan Awie Coetzee by **082 818 9620** of **awie@llagric.co.za**.

Vriendelike groete

Awie Coetzee
Die Administrateurs
SA Cultivar and Technology Agency NPC